

WINGERDPESTE

# BLAAS-POOTJIES

SATI
South African Table Grape Industry

# Wat is blaaspootjies?

Blaaspootjies[fig 1] is piepklein insekte. Daar is ongeveer 6 000 spesies waarvan min groter as 'n paar millimeter is. Die meerderheid voed op plante en swamme maar daar is sommige spesies wat jag maak op ander insekte asook myte. Verskeie blaaspootjies is belangrike peste van ornamentele plante en kommersiële gewasse.




FIGUUR 1

*Neoheliothrips sylvanus* is een van die inheemse blaaspootjies wat wingerd aanval.

## Belangrikste blaaspootjies in wingerd

| | |
|---|---|
| Westelike blomblaaspootjie | (*Frankliniella occidentalis*) |
| Kromnekblaaspootjie | (*Frankliniella schultzei*) |
| Sitrusblaaspootjie | (*Scirtothrips aurantii*) |
| Uie-blaaspootjie | (*Thrips tabaci*) |
| Koejawel-blaaspootjie | (*Neoheliothrips sylvanus*) |




FIGUUR 2

Halo-kolle op 'n druiwekorrel.

Meeste insekte het kloutjies waarmee hulle aan oppervlaktes vashou maar blaaspootjies plak vas met behulp van blasies op die punte van hulle pote — vandaar hulle naam.


Westelike blomblaaspootjies en kromnekblaaspootjies verkies om wingerd tydens blomtyd aan te val. Hulle is dikwels verantwoordelik vir skade aan vrugbeginsels en jong korrels. Die wyfie plaas die eier vlak onder die epidermis van die vrugbeginsel of jong druiwekorrels. Wanneer die eiers uitbroei, vorm onooglike halo-kolle[fig 2] op die druiwekorrels. Dit is veral opmerklik in wit kultivars.

Blaaspootjie-larwes en volwassenes het stekend-suiende monddele waarmee hulle die inhoud van plantselle uitsuig. Voeding op jong korrels lei tot kurkagtige letsels[fig 3] soos die korrels swel. Voeding na aan oes veroorsaak fyn merkies[fig 4]. Blaaspootjies is veral lief om te voed waar korrels aan mekaar raak.

Beide Westelike blomblaaspootjies en sitrusblaaspootjies kan verantwoordelik wees vir skade aan ouer korrels.

Sekere blaaspootjies val lote, jong blare en groeipunte van wingerd aan[fig 5]. In erge gevalle kan die lote ophou groei of selfs terugsterf. Hierdie tipe skade is veral algemeen waar groot getalle sitrusblaaspootjies laat in die seisoen voorkom.

In die Wes-Kaap kan koejawel-blaaspootjies blaarskade veroorsaak. Dit is weereens geneig om laat in die seisoen te gebeur wanneer die blaaspootjies se natuurlike gashere verdroog. Wingerdblare toon versilwering[fig 6] en is bestippel met fyn swart of donkerbruin blaaspootjie-uitwerpsels.




FIGUUR 3

Hierdie letsels is veroorsaak toe blaaspootjies op die vrugbeginsel of jong korrel gevoed het.




FIGUUR 4

Blaaspootjies kan ook korrels beskadig na aan oestyd.




FIGUUR 5

Voedingskade op lote en blare.

## Waar kom blaaspootjies vandaan?

Blaaspootjies kom reg deur die wêreld voor. Hulle versprei hoofsaaklik deur die internasionale handel in plantmateriaal.

Die Westelike blomblaaspootjie is oorspronklik van die suidwestelike dele van die Verenigde State maar het na baie ander lande versprei in die laaste vyftig jaar. Dit benut 'n wye reeks gashere en is een van die mees skadelike peste van ornamentele plante en gewasse. Westelike blomblaaspootjies het waarskynlik met blomme na Suid-Afrika gekom.

Uie-blaaspootjies is 'n Mediterreense spesie wat wêreldwyd versprei het – soortgelyk aan Westelike blomblaaspootjies. Uie-blaaspootjies is 'n ernstige pes van uie en val ook baie ander plante aan.

Kromnekblaaspootjies word in tropiese en subtropiese dele van die wêreld gevind. Sitrusblaaspootjies is inheems en hoofsaaklik beperk tot Afrika waar dit op meer as vyftig gasheerplante in verskeie families voorkom. Die koejawelblaaspootjie is inheems aan Suid-Afrika en kom nêrens anders voor nie.

Ander spesies blaaspootjies kom soms op wingerd voor maar is selde van ekonomiese belang.

As gevolg van hulle wye reeks gashere sal blaaspootjies altyd in en rondom wingerde gevind word. In die geval van sitrusblaaspootjies sal die pes heen en weer tussen sitrusboorde en wingerde beweeg op soek na die nuutste groei. Blaaspootjies kan vlieg en word maklik deur lugstrome versprei – soms vir honderde kilometers.




FIGUUR 6

Versilwering van die blaaroppervlak veroorsaak deur blaaspootjies.

## Gedrag en lewensiklus

Blaaspootjie-wyfies lê eiers vlak onder die epidermis van plante. Die eiers broei uit in larwes wat die inhoud van plantselle uitsuig met behulp van hul stekend-suiende monddele. Die larwes vervel twee maal voordat meeste van hulle die plant verlaat en in 'n nie-voedende fase ingaan. Die nie-voedende fase is soortgelyk aan die papie van ander insekte en ontwikkel tot 'n volwasse blaaspootjie.

Die tydsverloop van die lewensiklus hang van temperatuur af maar kan so kort as twee weke wees in warm weer. Westelike blomblaaspootjies kan vir twee tot vyf weke leef en die wyfie lê soveel as 'n honderd eiers. Hulle kan agt generasies per jaar produseer.



## Beheer van blaaspootjies

Blaaspootjies veroorsaak skade aan korrels deur onder andere eiers in die vrugbeginsels te lê. Dit is dus noodsaaklik om beheer toe te pas voordat die blommetjies oopgaan en die blaaspootjies daarin kan kruip. Beheer is nie effektief nadat eiers gelê is nie.

Skade aan lote en blare is veral 'n probleem in nuwe groei. Nuwe lote moet dus beskerm word wanneer die plant aktief groei en daar probleem-blaaspootjies teenwoordig is. Dit is dus nodig om te volhou met monitering reg deur die seisoen.

Daar is verskeie middels in Suid-Afrika geregistreer vir die beheer van blaaspootjies. Hierdie middels val in verskillende groepe soos aangedui deur hulle IRAC-kode. Blaaspootjies ontwikkel geredelik weerstand teen plaagdoders. Die spuitprogram moet dus nie slegs op een produk staatmaak nie — wissel middels uit verskillende groepe af. Raadpleeg die IRAC-kode en moenie twee produkte met dieselfde kode opeenvolgend spuit nie.

Hou in gedagte dat groot getalle blaaspootjies in die omgewing teenwoordig mag wees. Hulle beweeg in die wingerd in sodra plaagdoder-vlakke afneem. Blaaspootjies kan dus weer in die wingerd verwag word binne 'n paar weke na bespuiting en dit beteken nie dat die behandeling misluk het nie.

Deklae en dekgewasse moet nie in die periode vanaf blom tot en met twee weke na blom gespuit of versteur word nie. Dit is veral van toepassing as die dekgewasse ook blom. Blaaspootjies sal in die wingerd op beweeg indien alternatiewe gasheerplante uitdroog of verwyder word.

## Monitering vir blaaspootjies

Blaaspootjies kan misgekyk word omdat hulle so klein is en dan boonop wegkruip. Monitering moet twee weke voor blom begin om te verseker dat beheer toegepas word voordat skade plaasvind. Monitering is veral belangrik in wingerde met 'n geskiedenis van blaaspootjieskade en in wit kultivars wat later in die seisoen blom en ryp word.

Blaaspootjies hou van hitte. Warm, droë winters bevoordeel oorlewing van blaaspootjies en kan lei tot uitbrake in die lente. Blaaspootjies sal ook dikwels na wingerd migreer laat in die seisoen omdat hulle ander gasheerplante verdroog. Hulle kan dus veral 'n plaag wees in droë areas en tydens droogtes en monitering moet daarvolgens aangepas word.

Taai blou of geel lokvalle vir blaaspootjies is beskikbaar. Blou lokvalle is veral aantreklik vir Westelike blomblaaspootjies. Hang lokvalle buite die lower in vol son of tussen rye. Plaas 'n minimum van een lokval per twee hektaar vroeg in die seisoen voordat die stokke blom. Lokvalle moet ten minste elke twee weke ondersoek word. Vervang indien nodig.

Lokvalle alleen is nie voldoende om blaaspootjies betyds te bespeur nie. Ondersoek ook twintig trosse per blok tydens blom. Hou 'n wit papier of roomysbak onder die tros en tik die tros liggies. Blaaspootjies sal afval en maklik sigbaar wees op die wit agtergrond.

Nie alle blaaspootjies is skadelik nie en sommige maak selfs jag op ander peste soos myte. Dit is dus raadsaam om blaaspootjies deur 'n deskundige te laat identifiseer voordat 'n spuitprogram geloods word.

VRG 6889 • 021 863 3165

SATI
South African Table Grape Industry

ANNA MOUTON
Skrywer en Tegniese Ontwerper
anna@annamouton.com

**TEGNIESE RAADGEWER**
Elleunorah Allsopp
LNR Infruitec-Nietvoorbij
021 809 3007
allsoppe@arc.agric.za